# IN DIE BEGIN…

In die eerste boek van die Woord, Bereshiet, lees ons hoe die hemel en die aarde gemaak is.  Daar was nog niks, dit was piknagdonker!

'Bereshiet' is **'n Hebreeuse** woord wat ***' in die begin'*** beteken




Het jy al ooit in die nag wakker geword en dit was so donker dat jy nie eers jou eie gesiggie kan raak sien nie?

Wel, dit is omtrent hoe donker dit was heel, heel in die begin.

Ons Elohiem, Vader Yahweh, het die hemel en aarde geskape.

**Die aarde was woes en leeg.**



Daar was geen see of berge, bome, plante, diere of mense nie. Geen son om in die oggend op te kom of maan wat lig maak in die nag nie.

Geen sterretjies wat kon blink en ook geen groen grassies nie.

In die woeste leë donkerte

***'geskape'*** of ***'om te skep'*** beteken om iets uit niks te maak


**het die gees van Elohiem oor die waters gesweef**



*'**Elohiem**'* is 'n **Hebreeuse** woord wat *'magtige'* beteken. Yahweh is ons *'magtige'* , ons *'Elohiem'* . Hy is die grootste en sterkste van al die *magtiges* ( ook genoem gode). Hy is ons **Almagtige** en ons **Vader** in die hemel!

Elohiem het gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig! Elohiem het die donkerte en die lig geskei van mekaar.

Die lig het Hy *'dag'* genoem en die donkerte *'nag'*.



**Dit was aand en dit was more die eerste dag.**

Vader Yahweh het vir ons 'n dag gemaak wat begin as die son sak in die aand . .

